**<u>Skriflesing:</u>** Markus 8: 34 – 9:13
Teks: **Markus 9:7,8**
**Sing: VOORAF SANG- Ps. 118:1, 7**
**TYDENS EREDIENS- Ps. 80:1, 6 (Sing Ps. 94 se wysie); Ps. 36:2; Ps. 133:1,2; Ps. 117:1 (Sing Ps. 59 se wysie-tweede melodie)**
**<u>Markus 8: 34 – 9:13</u>**

Mar 8:34 Jesus het toe die menigte mense saam met sy dissipels nader geroep en vir hulle gesê: "As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg,

Mar 8:35 want wie sy lewe vir homself wil behou, sal dit verloor; maar wie sy lewe vir My en die evangelie verloor, sal dit behou.

Mar 8:36 Wat help dit 'n mens tog om die hele wêreld as wins te verkry en sy lewe te verloor?

Mar 8:37 Wat sal 'n mens kan gee in ruil vir sy lewe?

Mar 8:38 Wie hom dan vir My en my woorde skaam te midde van hierdie ontroue en sondige geslag, vir hom sal die Seun van die mens Hom ook skaam wanneer Hy kom saam met die heilige engele, en beklee is met dieselfde heerlikheid as sy Vader."

Mar 9:1 Verder het Hy vir hulle gesê: "Dit verseker Ek julle: Daar is party van dié wat hier staan, wat beslis nie sal sterwe voordat hulle gesien het dat die koninkryk van God met krag gekom het nie."

Mar 9:2 Ses dae later het Jesus vir Petrus en Jakobus en Johannes saamgeneem en hulle op 'n hoë berg gebring waar hulle heeltemal alleen was. Toe het sy voorkoms voor hulle oë verander,

Mar 9:3 en sy klere het blink geword, spierwit soos niemand op aarde dit kan maak nie.

Mar 9:4 Elia en Moses het toe aan hulle verskyn en met Jesus gestaan en praat.

Mar 9:5 Toe sê Petrus vir Jesus: "Rabbi, dit is goed dat ons hier is. Laat ons drie hutte bou: een vir U, een vir Moses en een vir Elia."

Mar 9:6 Hy het nie geweet wat hy sê nie, so verskrik was hy saam met die ander.

Mar 9:7 Daar het toe 'n wolk gekom wat sy skaduwee oor hulle laat val het; en uit die wolk het daar 'n stem gekom: "Dit is my geliefde Seun. Luister na Hom."

Mar 9:8 En meteens, toe hulle weer kyk, sien hulle niemand meer nie, net Jesus alleen by hulle.

Mar 9:9 Terwyl hulle van die berg afkom, het Jesus hulle opdrag gegee om wat hulle gesien het, vir niemand te vertel voordat die Seun van die mens uit die dood opgestaan het nie.

Mar 9:10 Hulle het hulle toe aan hierdie opdrag gehou, maar onder mekaar geredeneer oor wat dit beteken as Hy sê dat die Seun van die mens uit die dood sal opstaan.

Mar 9:11 Hulle vra Hom toe: "Waarom sê die skrifgeleerdes dat Elia eers moet kom?"

Mar 9:12 "Elia kom wel eers om alles weer reg te maak," antwoord Hy hulle. "En hoe staan daar ook oor die Seun van die mens geskrywe? Hy moet baie ly en verag word.

Mar 9:13 Maar Ek sê vir julle: Elia het reeds gekom, en die mense het met hom gemaak wat hulle wou, net soos daar oor hom geskrywe staan."

**<u>Skriflesing:</u>** Markus 8: 34 – 9:13
Teks: **Markus 9:7,8**
**Sing: VOORAF SANG- Ps. 118:1, 7**
**TYDENS EREDIENS- Ps. 80:1, 6 (Sing Ps. 94 se wysie); Ps. 36:2; Ps. 133:1,2; Ps. 117:1 (Sing Ps. 59 se wysie-tweede melodie)**

Geliefde gemeente in ons Here Jesus Christus, tydens die opening van die Algemene Sinode was ons as afgevaardigdes voor dieselfde Skrifgedeelte gebring as waarby ons vandag staan. Dit het in besonder tot ons gespreek maar is ek oortuig God wil dat nie net 'n Sinode wat nou verby is hierna moes luister nie, maar ons as kerke, plaaslik hier waar ons vandag is, moet voor dieselfde Skrifgedeelte gebring word.

Dis 'n Skrifdeel wat grondvat want dit spreek die grond aan waarop ons staan, maar dit vat jou ook na gronde, plekke en gedagtes wat om meer gaan as net die grond waarop ons vandag staan. Dit vat ons na 'n plek, spesifiek na 'n berg waar jy dalk nog nooit in jou lewe by was nie, maar dit is so nodig dat ek en jy daar moet uitkom. Ons het 'n besondere berg wat ons moet kan uitklim. Dit gaan in jou en my lewe

om Wie Jesus Christus werklik vir ons is. Hy alleen, Hy die Een wat op die berg verheerlik was, maar daardie heerlikheid op die berg het verbygegaan. Net soos die Sinode nou ook verby is. Tog moet ons Hom vandag nog weer sien in ’n heerlikheid wat Hom aan die regterhand van God plaas. Sy heerlikheid wat na die kerke se Algemene Sinode op ’n besondere manier na gekyk moet word. ’n Heerlikheid wat nie sal verbygaan nie. Dit wat ons ook nie by ons mag laat verbygaan nie, ook as ons hierdie besondere berg moet uitklim.

***

Ons vat die heerlikheid berge toe, maar in Markus 8 na ’n spesifieke berg. Tog laat berge in God se Woord ons dikwels by hoogtes uitkom wat onsself nooit by sou uitgekom het nie. Dink aan Ararat daar waar Noag se ark die grond weer kon raak, daar waar die ark sy eie Sabbat kon hê. Daar waar die ark weer kon rus, ná die baie groot vloed. Dink aan Horeb, die berg wat sidder en beef as God daar aan die werk is. Dit was nie Sabbat nie, daar was nie rus nie. Dink aan Sinai wat die Wet in sy eerste tafels op daardie berg ons geskenk was. Die Wet wil iets van die Sabbat weer in jou lewe terugbring, ek en jy wat ons rus, ons Sabbat verloor het. Dink aan Sionsberg, waar die tempel gebou moes word. Dink aan die Olyfberg, die berg vanwaar Jesus opgevaar het, tog was daar voor die Olyfberg, was daar Getsémané, was daar Golgota. As jy dalk ook al dikwels na die Langeberge gestaar het wat ons ou wêreld omsoom weet God doen groot dinge waar berge ter sprake kom. Groter as wat ons kan dink, sien, doen of weet. Groter as die Langeberge.

***

Om die groot dinge te mag raaksien het ons hoogte nodig. Het ons ook nodig om ’n berg uit te klim, maar ons besef dieselfde berg sal ek ook weer moet afklim. Die opklim van die berge beteken iets baie groot, maar die afklim moet in jou lewe jou nog groter dinge laat raaksien en besef. Eers dan die opklim van hierdie berg vanoggend wat Markus ons by uitbring. Mag u op hierdie berg vêr en wyd kyk, mag u dinge raaksien wat as u op die berg is, daaronder aan die gang is. Mag jy sien hoe deurmekaar die wêreld is, hoeveel ellende is in hierdie lewe; maar sien ek ook raak watter aandeel het ek in hierdie wêreld hieronder wat regtig deurmekaar en verward is. Hoe krampagtig is ek nie in my vrese en my onsekerheid om dalk groot dinge raak te sien maar ek besef nie die werklike impak wat die verheerlikte Christus in my lewe moet hê in wat regtig saak maak nie. Om nie soos Petrus krampagtig onseker woorde te spreek wat eintlik so belaglik kan raak as dit werklik om die verheerlikte Christus gaan nie. *“Rabbi, dit is goed dat ons hier is. Laat ons drie hutte bou: een vir U, een vir Moses en een vir Elia.”*

Dit wat Jesus bó daardie berg laat uitklim het, was om te gaan bid. Die biddende Jesus gaan nie alleen nie. Hy vat uit sy twaalf dissipels tog drie dissipels met Hom saam. Hulle wat apostels moes word, hulle wat die dinge op ’n manier moes meemaak en deurmaak wat mooi is, maar om uit die mooi te besef die

lewe is nie net mooi nie. Die lewe is ook swaar en lelik en ons as mense is besig om dikwels van die lewe 'n mismaaksel te maak. Ons sonde maak van die lewe 'n mismaaksel. Ons mis so dikwels die doel waarom ons werklik op hierdie aarde geplaas is. Ja, sonde beteken in sy grondbetekenis om jou doel te mis.

***

Terwyl Jesus nooit gesondig het nie, het Hy wel groot berge gehad om uit te klim. So is ook vandag se berg. Jesus gaan om te bid, drie dissipels saam met Hom, Petrus die rotsman, die ander twee is broers, seuns van Sebedeüs, Jakobus, Johannes. Jesus het hulle sommer by hulle roeping al genoem, *Boanerges*... seuns van die donder. Manne wat gou kwaad word, maar wat nou dissipels moes wees. Petrus 'n impulsiewe man, die ander twee manne bekend as manne wat hulle humeure hulle in die steek kon laat. Petrus, Johannes, Jakobus klim saam met Jesus die berg uit.

Jesus bid en terwyl Hy bid vind die aangrypende gebeurtenis van vv. 2-3 plaas. *Toe het sy voorkoms voor hulle oë verander, 3 en sy klere het blink geword, spierwit soos niemand op aarde dit kan maak nie. 4 Elia en Moses het toe aan hulle verskyn en met Jesus gestaan en praat.* Wat op hierdie berg gebeur, ja die oomblikke wanneer dit gebeur kon niemand voorsien of voorspel nie. So is baie dinge in die lewe. Ons kan dit nie voorsien of voorspel nie, maar as dit gebeur, ja as iets gebeur so wonderlik soos wat met Jesus daardie oomblikke op die berg gebeur het, dan besef ons hierdie is dalk maar enkele sekondes wat dit duur maar dit dra ewigheidswaarde. Die waarde daarvan mag tot aan die einde van hierdie wêreld nie verlore gaan nie.

***

Die waarde hiervan lê in wat God van sy Seun maak en nie in wat mense van Hom wil maak nie. Jesus se voorkoms verander, sy gesin begin te straal, dis asof 'n hemelse droogskoonmakery aan die werk is. Hy word verheerlik soos nog nooit op aarde nie. Ons lees dit weer: *Toe het sy voorkoms voor hulle oë verander, 3 en sy klere het blink geword, spierwit soos niemand op aarde dit kan maak nie. 4 Elia en Moses het toe aan hulle verskyn en met Jesus gestaan en praat.* Sy gesig begin te straal soos die son en sy klere word witter as sneeu. Dis verblydend mooi wat gebeur, dis ook verblindend mooi wat gebeur.

Verblindend want God se heiligheid moet verblindend wees. Niemand kan God sien in hoe groot en heerlik Hy werklik is nie. Niemand kan Hom hierin sien en bly lewe nie. Dis soos wanneer jy in die son probeer inkyk. Jy gaan jou oë seermaak. Iets van Openbaring 1 gebeur ook op hierdie berg. Johannes, wat wel ook op die berg was, skryf later in sy hemelse gesig in Openbaring 1- dat toe Jesus daar op die eiland Patmos aan Hom verskyn het, het Hy op sy knieë geval soos een wat dood is. Dis verblindend mooi, maar ook verblydend mooi, tog moet ons blydskap nie misplaas wees nie. Petrus se blydskap is

misplaas as ons sy voorstel hoor. Hy wat se- *“Rabbi, dit is goed dat ons hier is. Laat ons drie hutte bou: een vir U, een vir Moses en een vir Elia.”* Hy is bly maar hy is ook verward. Tog gaan dit nie net oor die drie dissipels wat daar saam met Jesus was nie.

***

Dit gaan juis ook oor die twee Ou-Testamentiese figure, wat vir oomblikke daar saam met Jesus was en dan skielik was hulle nie meer daar nie. Hulle is nou hemelse gesante, hemelse manne wat vir ’n oomblik aan die hoogste gesag op aarde, Jesus Christus Self, hemelse versterking moes kom bied. Al twee manne wat op hulle tyd, in hulle dae, op hulle manier ook God se heerlikheid op ’n berg ervaar het. Moses op die berg Horeb, Elia op die berg Karmel, tog is hierdie berg van vandag anders, want Moses en Elia is nie meer wat hulle op aarde was nie. Elia is sonder dat hy aards hoef te sterf, die hemele in. Moses het gesterf, wel onbekend begrawe, God het sy liggaam in ’n onbekende graf weggelê, ja God het hom begrawe, maar hy is ook lewend die hemele in. Moses die man wat die Wet van God Self ontvang het. Hy wat die Wet aan sy volk moes gee. Daarom kan ons Moses noem die Wetgewer. Elia op sy beurt die een wat moes sorg dat sy volk die Wet ken. Sy volk moes die Wet handhaaf. Daarom noem ons Elia die Wethandhawer. Vir Jesus Self sou hierdie twee manne in hulle teenwoordigheid, ja ook in dit wat hulle deur God se Wet verteenwoordig, van ontsaglike groot betekenis wees.

***

Dis juis op hierdie oomblikke wat Jesus die eerste maal die grootste rede vir sy koms na hierdie aarde die heel duidelikste gemaak het. Hy stel dit duidelik dat Hy sal ly, dat Hy baie swaar gaan ly, dat Hy moet sterwe, maar dat Hy op die derde dag uit die dood sal opstaan. Jesus wat van ’n heerlike opstanding kon praat nog vóór Hy gesterwe het. Ons moet ook al vandag van ons opstanding kan praat, al sal die meeste van ons seker ook liggaamlik eers moet sterwe. Die heerlikste wat met Jesus daar op die berg gebeur is egter nie in wat gesien kon word nie, maar in wat gehoor kon word. Daardie woorde wat God sy Vader spreek, as God soos met Jesus se doop dit dan nou weer duidelik laat hoor. *Dit is my geliefde Seun, luister na Hom.*

As God só van sy Seun praat, maar ook só met sy Seun praat, dan kan ons aanvaar dis woorde van krag en bemoediging. Dis asof Jesus se UITTOG nou in alle erns sal begin. Om ons as mense voor te gaan in die uittog van sonde en ellende waarin ons onsself ingedompel het, maar so lei Hy ons uit die slawerny van sonde, uit die slaweband van die duiwel, Hy wat die bande van die dood sou breek. Dis die groot dinge wat Jesus moes kom doen. Tog was God Self die Een wat gesê het in die groot dinge van sy Kerk moet daar getuies wees. In die mond van twee of drie moet die waarheid bevestig word. Daarom is die dissipels daar. Hulle moet getuies wees, ja ook as Jesus later na Getsémané gaan, dan gaan Hy nie alleen nie. Weereens daar moet getuies wees. Jesus vat hulle saam ter wille van Wie Hy is.

Ons besef die nog groter rede hoekom Jesus hierdie drie manne saam met Hom geneem het, is ook ter wille van wie hulle is. Ter wille van hulleself, ter wille van ons as Kerk vandag moes hulle ook daar by Jesus gewees het. Hulle moes kon sien, moes kon beleef, moes kon glo. Hulle moes weet WIE HY WERKLIK IS.

***

Hier kom ons terug op die woorde van Petrus. Ons maak so maklik dieselfde fout. Ons moet oor Jesus kan praat in Wie Hy werklik vir ons is, nie in wat ons so dikwels wil maak en voorgee Hy vir ons is nie. Hy die ware Seun van God, die enigste Verlosser wat daar kan wees. So moet ons Hom verkondig. Daar is geen redding buite Hom nie. Daarom gebeur die heerlikheid op die berg ook net met Hom. Daar kan ook geen so ’n ander heerlikheid wees as die heerlikheid wat daar is met Hom nie! As kerk is ons so dikwels ook meegevoer en praat ons misplaas oor dinge wat die ware Kerk nie moet wees nie. Ons raak so dikwels oor die verkeerde dinge meegevoer. Asof aardse skatte en geld, asof aardse rykdom, asof aardse getalle ons werklike behoud is. Terwyl hier net drie dissipels is, geen skare nie, en selfs hulle drie toon ’n onbegrip en is verward oor wat aan die gang is. Die opgewonde Petrus wat namens die drie praat- *Rabbi, laat ons drie hutte bou – Vir U een, vir Moses een, vir Elia een ...* Hy gee nogal ’n motivering. *Dit is goed dat ons hier is.*

Besef u broeder en suster, Petrus probeer die hemelse oomblikke wat hy homself die heerlikheid aanskou het op ’n manier blywend maak. Kan dit nie maar tog altyd so bly nie. Ons bly op hierdie berg. Ons gaan nie weer af nie. Ons die topdrie dissipels, ja dink jou dit in Moses en Elia saam met ons en die allerbeste, Jesus saam met ons almal. Ons bly net hier. Dis ons behoud, afgesonder van die wêreld en sy baie probleme. Hier is nie siekte of lyding nie, hier is nie onrein dinge nie. ’n Hut vir Moses, ’n hut vir Elia, ja en ook ’n hut vir Jesus. So bereik ons godsdiens eintlik mos ’n hoogtepunt. Beter kan dit nie! Ons hou Jesus en hierdie heerlikheid net vir onsself. Dis vir ons hemel op die berg. Hierdie is ons koninkryk. Ons hoef ons nie te steur aan wat daaronder die berg aan die gang is nie. Ons kom weg van die baie dinge wat ons moeg maak en seermaak.

Jesus het dit voor hierdie wonderlike oomblikke duidelik gesê dat as Hy hier weggaan Hy baie gaan ly. Petrus praat asof Jesus dit nie so pas gesê het nie. Hoor wat hy wil hoor en die res gaan by hom verby. Dit is mos maar hoe ons menslike ore baie keer werk? Ons wil nie ander realiteite in die oë staar nie. As ek maar net my eie welsyn en hierdie besondere heerlikheid kan vashou en ek klem net daaraan vas.

Ja, dit is Petrus se gevoelens wat praat. Nou weet ons gevoelsgodsdiens is baie gevaarlik en hier bewys Petrus dit ook. Hy wat van die kerk 'n "gevoelsplek" wil maak, moet weer mooi dink waarmee is ek besig. Gevoelens is natuurlik belangrik, hier moet warmte wees, hier moet omgee wees, hier moet ek wil omgee dat hulle die naaste aan my nie moet wegraak in die harde, dooie werklikhede van elke dag nie. Tog moet ons omgee en liefde reg gegrond wees. Liefde is belangrik maar die waarheid is net so belangrik. Die een kan nie sonder die ander nie. In Jesus is albei ewe belangrik en Hy toon in Homself dat Hy wat waarlik liefde is, is ook die weg, die waarheid en die lewe.

Daarom dat die hemel op die berg moes verbygaan. Ons het 'n sinode wat alles behalwe hemels was, dit was hard en swaar wat daar hanteer moes word, dit was regtig soos 'n berg wat ons moet uit. 'n Agenda van oor die 1000 bladsye, letterlik 'n hele paar honderd sake wat op so 'n sinode elke keer weer aandag moes kry. Die sinode was nie maklik nie, maar dit spreek eintlik maar die werklikheid aan wat daar onder die berge van die lewe aan die gang is. Ná so 'n sinode voel 'n mens eintlik bietjie vervreemd van baie werklikhede en tog hoop ons om by die werklikhede van die lewe te moet uitkom. Anders sal die miljoene rande wat die Sinode ons kerkverband ook weer gekos het eintlik nie veel beteken nie.

As ons die berg weer moet afklim, ons gaan die jaar met nuwe opdragte binne, ook opdragte wat van binne daardie Sinodesaal uitgedeel was, dinge waarby ons kerke direk betrek is. Hoe nou verder? Mag daar op die einde eintlik net die Een oorbly, waarby ons gelese gedeelte die einde by uitbring. *En meteens, toe hulle weer kyk, sien hulle niemand meer nie, net Jesus alleen by hulle.* Die dinge op die berg mag nie geskei word van die lewe onder die berg nie. As ek nie onder die berg kan uitkom nie moes ek nooit probeer het om daarbo te wees nie. Na Jesus moet geluister word. Dit was die opdrag bo die berg, dit is ook die opdrag onder die berg- *Dit is my geliefde Seun. <u>Luister na Hom</u>.*

Hy is die Een, die enigste wat na geluister moet word. Al was Moses en Elia ook daar, hulle het vinnig weer moes verdwyn. Daar kan nie nog só Één wees soos Hy nie! Moses en Elia is maar net rigtingwysers, skaduwees, vingerpunte wat moet heenwys na Hom wat regtig saak maak. Ja, luister na Hom. In jou lewe, in jou kerkgang, in jou beursie wat aan Hom behoort. Niks op hierdie aarde staan los van Hom nie. Hyself wat gesê het, *aan My is gegee alle mag in die hemel en ook op die aarde.* Kom ons los ons mag speletjies hier op aarde, dit gaan ons nêrens bring nie. Die Wet, die profete, ja die hele Ou Testament, wys na Hom, ook jou hele lewe hang van Hom af. As ons lees – *net Jesus alleen by hulle ...* dan gaan dit daaroor dat Hy alleen wat saak maak het daar oorgebly.

***

Hy het gesterf, Hy is begrawe, verskriklik wat onder daardie berg op Hom gewag het. Hy het dit alleen moes dra. Tog weet ons die heerlikheid wat Hy op die berg gehad het, was maar 'n voorskou tot die nog groter heerlikheid wat ná sy graf en dood sou volg. Dit wat ons deur die Heilige Gees mag glo en sien is om te glo dit wat God se Woord vir ons sê – Hy het uit die dood opgestaan, opgevaar, Hy sit aan die regterhand van ons hemelse Vader, Hy regeer.

Wanneer ons hier aan die onderkant van die berge van die lewe ons lewe moet leef, mag ons Hom bely soos Hy bely moet word. Dat net Hy, ja Hy alleen die rede vir jou lewe is. Mag ons van sy heerlikheid bly getuig. Mag ons na Hom wil luister. Ook as Kerk, luister na Hom.

AMEN